Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Kliek op die video of volg die skakel: https://youtu.be/ZTQHkYJKHCU

Wat gebeur by Wapadrant?

Sondag 8 Desember 2024

- Dit is die tweede Sondag van Advent. Daar is slegs een erediens om 08:30.
- Die erediens word gelei deur dr Rassie Smit.
- Die doop word aan 2 verbondskindertjies bedien.

Algemeen:

- Dit is die laaste eNuus vir 2024. Die volgende eNuus word op 9 Januarie 2025 versend.
- Ds Marcel Floor is met verlof van 7 tot 13 Desember en 2 tot 3 Januarie 2025.
- Dr Rassie Smit is met verlof van 20 tot 31 Desember 2024.
- Dr Peet Vermeulen is met siekverlof tot 5 Januarie 2025. Daarna neem hy verlof tot die einde van Februarie.
- Die kerkkantoor sluit op 13 Desember en open weer op 6 Januarie 2025.

Boodskap van dr Peet:

“Elkeen, saam op God se pad” is gelukkig waar ons ons bevind. Behalwe vir medegelowiges as reisgenote is God se Gees saam op pad. Dit maak die reis opwindend. Al weet ons nie hoe môre lyk of wat dit vir ons inhou nie - weet ons saam met Wie en waarheen ons op pad is. Ons hoop is geanker in God se karakter en wie Hy is. Baie dankie vir jul liefde en omgee. Dit gaan elke dag beter. Geseënde Kersfees en wonderlike reis op God se pad vir 2025.
Peet

KwartKrant:

Die KwartKrant vir November 2024 is nou beskikbaar. Dit is ‘n elektroniese blad wat die bedrywighede van die gemeente gedurende die afgelope 3 maande uitbeeld.

KwartKrant in webblaaier

KwartKrant as pdf

KwartKrant via webblad

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- AJ Willemse wat in die hospitaal opgeneem was. Hy is intussen ontslaan.
- Gerrit Meyburgh wat in die hospitaal was.
- Annette Leijenaar wat ‘n skoueroperasie ondergaan het.
- Almal wat ongesteld is.

Hartlik geluk aan:

- Martie van der Walt wat 'n 4de agterkleinkind ryker geword het.
- JD en Eldine Oosthuizen wat vir Katryn laat doop. Haar trotse grootouers is Hannes en Mariette Oosthuizen.
- Rudolf en Madelein Mans wat vir Righan laat doop.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

G’s Fees - Dankie!

Hartlik dankie vir almal se harde werk en mildelike ”G”!

Die fees het afgeskop met ‘n aand van keurige musiek, en afgesluit met ‘n heerlike kuier. Baie dankie aan elkeen vir versierings, tafels dek en elke smulhappie wat gebring is. Dankie vir elke donasie en badboks. Dit is jul vrygewigheid wat die fees moontlik gemaak het.

Die dames van DWFC het die badbokse en -sakke afgehaal en deel dit Saterdag, 7 Desember uit aan die ma’s, pa’s en kinders van Kameelfontein.

Gesinskamer oordoen

Ons wil, na die vakansie, die Gesinskamer oordoen om dit veilig en mooi te maak vir ons mammas, pappas en klein maatjies. Help ons asb. deur ‘n donasie te maak in die kerk se rekening. Gebruik asb. die verwysing “Gesinskamer”.

Predikante se half-jaarlikse verslag

Die kerkraad werk nou al ’n geruime tyd aan ’n verslagformaat oor die predikante se werksaamhede wat ons met lidmate kan deel. Vir die afgelope 3 jaar het die predikante kwartaalliks skriftelik verslag gedoen oor hul werksaamhede en dit waaraan hulle hul tyd spandeer. Gedurende hierdie periode het die behoefte ontstaan aan ’n opsomming sodat

dit aan lidmate deurgegee kan word. Sò het die konsep verslagformaat ontstaan, wat in beginsel, by die laaste ouderlingvergadering goedgekeur is.

Die gesamentlike verslag van werksaamhede deur al 3 predikante word uitgebeeld vir die tydperk 05 Junie tot 27 November 2024.

Druk op die onderstaande knoppie om die volledige verslag te besigtig.

Predikante verslag

Skenk asb bloed!

Kalender vir Januarie 2025

Januarie 2025

Sondag	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag
			1 Nuwejaarsdag	2	3	4
5 **Erediens 08:30** Doop Kollekte: Bybelverspreiding	6	7	8	9	10	11
12 **Erediens 08:30** Kollekte: Dankbaarheidsfonds	13	14	15 Skole Open	16	17	18
19 **Erediens 08:30 & 10:00** Jeuggroepleiers 09:30 Kollekte: Emiritaatsversorging	20 19:00 Manne Bybelstudie	21 09:00 Bybelstudie	22	23	24 Belydenis aansoeke sluit	25
26 **Erediens 08:30 & 10:00** NAGMAAL Jeuggroep inskrywing Welkom: Nuwe Intrekkers Kollekte: Tydskrifte	27 19:00 Manne Bybelstudie	28 09:00 Bybelstudie	29 Dagbestuur	30 Belydenisgesprekke	31 18:00 Laerskool Jeugaksie	

Preekrooster

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
1 Desember G's fees/Advent	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit
8 Desember (Doop)	Klassiek	08:30	Rassie Smit
15 Desember (Nagmaal)	Klassiek	08:30	Marcel Floor
22 Desember	Kontemporêr	08:30	Petrus Grové
25 Desember	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
29 Desember	Kontemporêr	08:30	Fanie vd Schyff

Volg eredienste via Youtube

Volg eredienste via Facebook

'n Hart van gee

'n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog 'n kans. Gebruik die SnapScan-funksie en gee so ook jou donasie. Die verwysing is baie belangrik. As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. "Liefdegawe" of "Kollekte" wees. Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as 'n "Kerkkas" bydrae. Merk die verwysing daarop asb. as "Donasie" of "Bydrae" met jou naam daarby. Jy mag ook anoniem bly.

Ondersteun mekaar

Weet jy watter produkte of dienste deur mede-lidmate gelewer word? Kom ons ondersteun mekaar en bou sò aan ons stad.

Jy kan ook jou produkte en dienste hier adverteer. Dit is gratis. Stuur ‘n epos met besonderhede aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor